

## Sanlam Sambreelfonds

### Sanlam Lifestage bewaringsportefeulje-keuse vorm

Hierdie vorm dien as die amptelike opdrag aan Sanlam Corporate deur 'n lid wat tans in Sanlam Lifestage belê en wat 'n bewaringsportefeulje moet kies. Ses jaar voordat die lid sy of haar beplande aftree-ouderdom bereik, word die lid se aftreevoordeel-enkelbedrag deur middel van 50 maandelikse omskakelings na die geselekteerde portefeulje oorgedra. Die lid dien hiermee 'n aansoek in om die bewaringsfondsopsie van sy of haar keuse aan te dui.

Lid se persoonlike besonderhede			
Deelnemende werkgewer:			
Voorletters en van:			
ID nommer:		Geboortedatum:	
Werknemernommer:		Lidnommer:	
Kontak nommer (Selfoon):			
E-pos adres:			

#### 1. Ek doen hiermee aansoek om die bewaringsopsie van my keuse te selekteer en verklaar soos volg:

- ⊙ Ek verstaan dat, ses jaar voor my beplande aftree-ouderdom, sal my aftreevoordeel-enkelbedrag oorgedra word van die Sanlam Lifestage Accumulation Portfolio na 'n bewaringsportefeulje wat ek gekies het (soos onder aangedui). My aftreevoordeel-enkelbedrag sal deur middel van 50 outomatiese maandelikse omskakelings belê word in my geselekteerde bewaringsportefeulje, 22 maande voor my beplande aftree-ouderdom.
- ⊙ Ek kies die volgende bewaringsportefeulje: *(Kies asseblief een van die volgende opsies)*

#### Sanlam Capital Protection Portfolio

Hierdie bewaringsbeleggingsopsie is geskik vir lede wat nie seker is watter soort annuïteit hulle by aftrede wil gebruik nie.

Hierdie portefeulje is gemik op die beskerming van die aftreevoordeel-enkelbedrag wat deur die lid belê is. Dit gee blootstelling aan finansiële markte terwyl dit beskerming teen ongunstige markbewegings bied.

Die portefeulje belê in 'n gewaarborgde portefeulje en het 'n konserwatiewe risikoprofiel.

Lede wat nie 'n bewaringsportefeulje kies nie, word outomaties in hierdie portefeulje belê.

#### Sanlam Living Annuity Target Portfolio

Hierdie bewaringsbeleggingsopsie is ontwerp vir lede wat beplan om 'n lewende annuïteit by aftrede (indeks-gekoppelde lewende annuïteit - 'n aanpasbare annuïteit) te koop.

Die portefeulje is ontwerp om meer bestendig te wees, maar laat genoeg blootstelling aan die markte toe om te groei.

Die portefeulje het 'n matige risikoprofiel.

## Sanlam Inflation Annuity Target Portfolio

Hierdie bewaringsbeleggingsopsie bied aan lede wat naby aftrede is die vermoë om 'n spesifieke inkomste ná aftrede te koop wat ná hul aftrede in lyn met inflasie sal groei.

Die beleggingsportefeulje sal dus fluktueer soos rentekoerse styg of daal omdat dit die beweging in die aankooppryse van inflasiegekoppelde annuïteite volg eerder as om kapitaal op kort termyn te bewaar.

Die portefeulje het 'n konserwatiewe risikoprofiel.

### 2. Ek stem in tot die volgende bepalings en voorwaardes:

- ⊙ Sanlam Corporate sal slegs 'n beleggingsopdrag uitvoer wanneer hulle 'n ingevulde aansoek in die voorgeskrewe formaat ontvang het, die lid se versoek om sy/haar eie beleggingskeuses te maak geregistreer het en teenoor die lid ontvangs van die beleggingsopdragvorm bevestig het.
- ⊙ Ek begryp dat indien die vorm onvolledig is of nie korrek ingevul is nie, die opdrag moontlik nie deur Sanlam Corporate uitgevoer sal word nie.
- ⊙ Indien ek nie binne 5 dae bevestiging van ontvangs kry nie, moet ek navraag doen aangesien my versoek miskien nie ontvang en verwerk is nie.
- ⊙ Navrae oor die vordering van 'n beleggingskeuse-opdrag moet aan die administrateur gerig word.

### Hiermee verklaar ek soos volg:

1. Ek het finansiële advies ingewin of ek bevestig dat ek 'n goeie begrip van beleggings het en nie die dienste van 'n finansiële adviseur nodig het nie.
2. Ek begryp die risiko's wat die keuse van my eie beleggingsportefeuljes inhou en ek is tevrede dat my keuse aan my behoeftes voldoen.
3. Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir my keuses en hiermee vrywaar en onderneem ek om nie Sanlam Sambreelfonds, die Raad van Trustees of Sanlam Corporate, sy verteenwoordigers, direkteure, beamptes en enige entiteit in die Sanlam-maatskappygroep verantwoordelik te hou vir enige verliese of gebeurlikheid wat kan voortspruit uit die beleggingsportefeuljes wat ek kies nie.

**Let wel:** Indien u die vorm elektronies voltooi het, druk asseblief die vorm en teken dit fisies voordat u dit terugstuur aan Sanlam.

Geteken te \_\_\_\_\_ op \_\_\_\_\_ eejj \_\_\_\_\_

### Lid se handtekening

#### Vrywaring:

Die persoonlike inligting (PI) wat in hierdie vorm aangevra word is verpligtend vir operasionele en administratiewe prosesse, en om aan regulatoriese vereistes te voldoen. Indien die verpligte inligting onvolledig is, is dit moontlik dat u versoek nie verwerk kan word nie. Sanlam Lewensversekering Beperk sal redelike maatreëls tref om te verseker dat die PI wat deur hierdie vorm ingesamel word verantwoordelik verwerk sal word, veilig en vertroulik bewaar sal word, en nie op 'n onbillike wyse op u privaatheid inbreuk sal maak nie. U kan die Sanlam Privaatheidskennisgewing by <https://www.sanlam.com/legal/pages/sanlams-privacy-policy.aspx> lees. Dit kan ook op versoek aan u gestuur word. U kan u kontakbesonderhede bywerk deur op ons ledeportaal by <https://cp.sanlam.co.za> te registreer en in te teken, of e-pos te stuur aan [SCClientCare@sanlam.co.za](mailto:SCClientCare@sanlam.co.za) of 086 122 3646 te skakel.

## Finansiële Adviseur se besonderhede

Voorletters en van:			
FAIS lisensie-nommer:		Kantoor tel. nommer:	
E-pos adres:		Selfoonnommer:	

**E-pos asseblief die voltooide vorm na: [sanlamumbrellafund@sanlam.co.za](mailto:sanlamumbrellafund@sanlam.co.za) of faks na 086 613 5040**